
# Leroux wen CNA-prys



ETIENNE LEROUX

ETIENNE LEROUX is aangewys as vanjaar se wenner in die Afrikaanse afdeling van die C.N.A.-prys vir letterkunde op grond van sy roman **Magersfontein, O Magersfontein!**

Anthony Delius het die Engelse afdeling gewen met sy roman **Border.** David Philip het dit uitgegee.

Die drie beoordelaars was prof. André P. Brink, hoogleraar aan die Universiteit Rhodes (in sy hoedanigheid as skrywer), prof. Merwe Scholtz, hoogleraar aan die Universiteit van Kaapstad (as akademikus), en Coenie Slabber van Rapport (as joernalis).

Die drie beoordelaars se name is vir mekaar geheim gehou tot die amptelike aankondiging vandag sodat enige moontlike beïnvloeding uitgeskakel is.

Altesaam dertig Afrikaanse werke is vir beoordeling voorgelê en volgens prof. Brink was die kompetisie die strafste nog. Besonder baie skrywers van formaat het vanjaar vir die prys in aanmerking gekom, onder wie Breyten Breytenbach met sy digbundel **Voetskrif** en reiskroniek **Seisoen in 'n Paradys.**

Die keurders was egter eenparig in hul besluit dat die prys van R2 500 en 'n bronsplaat Leroux toekom.

Leroux het in 1964 die C.N.A.-prys ontvang vir sy roman **Een vir Azazel.** In dieselfde jaar is groot opskudding veroorsaak toe sy roman **Sewe Dae by die Silbersteins** met die Hertzogprys bekroon is.

**Magersfontein, O Magersfontein!** is 'n satiries-ironiese roman wat skerp kommentaar lewer op die Suid-Afrikaanse sosio-politieke bestel. Resensente het oorwegend hoë lof vir die werk en die verwagting is dat Leroux hiermee sterk in aanmerking sal kom vir die Hertzogprys.


Die C.N.A. prys word op 30 Maart 1977 op 'n noenmaal in Kaapstad oorhandig.

Leroux boer op die plaas Ja-Nee in die distrik Koffiefontein. Hy is in die distrik Oudtshoorn gebore en is 'n seun van wyle oud-minister S. P. le Roux en mev. Le Roux.

Hy het aan die Grey-kollege in Bloemfontein gematrikuleer en die grade B.A. en LL.B. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is getroud met Elizabeth Joubert, 'n bekende Bloemfonteinse pianiste. Hy het 'n seun en twee dogters uit 'n vorige huwelik.

● Anthony Delius, 'n ervare joernalis, het op Grahamstad grootgeword en was aan die Universiteit Rhodes. Hy het in 1975 'n toekenning van die Engelse Akade-

● **Vervolg op bl. 9, kol. 3.**



BREYTEN BREYTENBACH

## LEROUX

● **Vervolg van bl. 1** ●

mie van Suid-Afrika ontvang vir die beste gepubliseerde gedig.

● More verskyn 'n onderhoud met mnr. Leroux in artikelafdeling van Die Volksblad waarin hy sy mening oor die posisie van die moderne skrywer in Suid-Afrika en oor die Afrikaanse Skrywersgilde gee.